## Leestekens

Die **uitroepteken** word gebruik in die volgende gevalle:


- ’n Opdrag, bv. “Gaan kamer toe!”
- ’n Uitroep, bv. “Ons het die prys gewen!”
- Om verbasing/ontsteltenis aan te dui, bv. “Ek glo dit nie!”

Die **vraagteken** word gebruik wanneer ’n vraag gevra word, bv. “Kan jy my asseblief help?”

Die **aandagstreep** word gebruik by ’n inlas-sin, bv. Die liedjie – wat deur hom geskryf is – speel oor die radio.

**Aanhalingstekens** dui die direkte woorde van ’n spreker aan, bv. Die hoof sê: “Baie welkom aan die begin van ’n nuwe jaar.”

4. Herskryf die sinne en voeg die korrekte leestekens in.



a) Het jy dit uitgegooi Gaan maak dadelik daar skoon

b) Wat het die man die een met die swart motor daar gedoen

c) Sy het ontsteld geskree Ek sit vas Kom help my

d) Daar is die muis Oeeee Vang hom

e) Die sin wat jy moet invoeg sal die betekenis verander

f) Wanneer laas het jy geoefen

g) Is die man die een waarvoor jy so bang is toe hier


© Oxford University Press Southern Africa


## Leestekens

**Hakies** word gebruik om binne ’n sin ’n verdere verduideliking te gee, bv. Hy het gister (Woensdag) al gery./Mnr. Small (38) ry elke dag fiets.

Die **skuinsstreep** word gebruik om nog ’n opsie aan te dui, bv. Die wenner sal sy/haar prys volgende week ontvang.

Die **ellips** (beletselteken) word gebruik as ’n deel van ’n sin weggelaat word, bv. Die hoof het julle gewaarsku …

Die **klemteken** beklemtoon ’n lettergreep in ’n woord of ’n woord in ’n sin, bv. Jy moet dádelik ry./Dié meisie is die skuldige een.



5. Herskryf die sinne en voeg die korrekte leestekens in.

   a) Die beskuldigde mnr. Botha 43 sal Dinsdag 24 Mei gevonnis word

   ________________________________________

   ________________________________________

   b) Hy sy het alles net so gelos en gegaan

   ________________________________________

   ________________________________________

   c) Is dit daardie groen motor die een wat heel agter parkeer is

   ________________________________________

   ________________________________________

   d) Elke deelnemer sal sy haar prys ontvang

   ________________________________________

   e) Nee dit is nie die meisie nie Dit is daardie een die een wat langs die seun met die rooi hemp sit

   ________________________________________

   ________________________________________

   f) Sy sal volgende Vrydag 28 Februarie die rapporte uitdeel

   ________________________________________

© Oxford University Press Southern Africa